higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEPPING VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR-VLAK 2

(3011032)

28 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

480Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SKEPPING VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR-VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Die finansiële state van 'n eenmansaak hoef nie geoudit te word nie.

1.1.2 Werknemerontwikkeling is 'n goeie voorbeeld van bedryfskoste.

1.1.3 Die proses van verandering waardeur 'n produk of diens gaan van grondstof totdat dit uiteindelik gebruik word, is 'n *waardeketting*.

1.1.4 'n Produk kan beskryf word as enigiets wat die kliënt verkry in ruil vir ‘n item van waarde, gewoonlik geld, om 'n behoefte te bevredig.

1.1.5 Verbruikers is die gebruikers van produkte en dienste.

1.1.6 'n Banklening is een van die maniere om 'n besigheid te finansier.

1.1.7 Eienaarsbelang is die hoeveelheid geld wat 'n entrepreneur in 'n besigheid belê.

1.1.8 'n Vennootskapsonderneming moet statute (‘articles of association’) by die registrateur van maatskappye indien.

1.1.9 Die onbeperkte aanspreeklikheidsklousule bepaal dat eienaars net kan verloor wat hulle in die onderneming belê het.

1.1.10 Grond en geboue is voorbeelde van vaste bates.

(10 × 2) (20)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Word nie deur 'n wins- of openbare liggaam bedryf nie	A	hoofskuld
1.2.2	Voorbeeld van 'n bate wat gekoop moet word om 'n besigheid te begin	B	kapitaal
1.2.3	Oorspronklike leningsbedrag geleen by die bank	C	wins
1.2.4	'n Besigheid wat deur 1 tot 10 mense besit word	D	grond of geboue
1.2.5	Hoofrede hoekom mense 'n besigheid begin	E	kollateraal
1.2.6	‘n voorbeeld van 'n regulerende liggaam	F	SAID
1.2.7	'n Instrument waarmee 'n besigheid inligting oor die produk en teikenmark verkry	G	kliëntmeningspeiling
1.2.8	Korporasie waar eienaarskap gegee word aan aandeelhouers	H	oortrokke rekening
1.2.9	‘n Organisasie wat nie bedryf word vir 'n geldelike voordeel nie	I	niewinsgewende organisasie
1.2.10	Kan aangeraak word	J	tasbaar
1.2.11	Beskerm die lener indien jy nie die lening kan terugbetaal nie	K	beslote korporasie
1.2.12	‘n Voorbeeld van ' n korttermynlening	L	publieke maatskappy
1.2.13	Geld om 'n besigheid te begin	M	private organisasie
1.2.14	Waar 'n besigheid nie 'n wins/verlies maak nie	N	bedreiging
1.2.15	Eksterne negatiewe faktore wat 'n besigheid verhoed om sy doelwitte te bereik	O	gelykbreekpunt

(15 × 2) (30)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Lees die scenario en beantwoord die vrae.



Amange Hair Salon

Amange is 'n lewendige tiener met 'n borrelende persoonlikheid. Sy is 'n permanente inwoner in Fairview, 'n klein voorstad van Matatiele. Sy het matriek geslaag maar kon nie ‘n beurs kry om verder te studeer nie.
Nadat sy lank by die huis gebly het, het sy die gedrag van die mense in haar township waargeneem. Sy het 'n haarsalon begin omdat daar net een haarsalon in hul area was. Die R5 000 wat sy gespaar het, was meer as genoeg om haar besigheid te begin. Sy het haar besigheid vanuit ‘n kamer in haar agterplaas bedryf.
Amange het 'n passie vir hare en skoonheid en beplan om die besigheid uit te brei. 'n Deel van haar plan is om 'n skoonheidsalon by te voeg. Dit sal haar in 'n posisie plaas om meer kliënte te kry.

VRAAG 2

2.1	2.1.1	Bied Amange 'n *diens* of 'n *produk* ?		(1)
	2.1.2	Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 2.1.1.		(2)
2.2		Noem EEN voordeel wat Amange aan haar kliënte kan bied.		(2)
2.3		Verduidelik TWEE kenmerke wat dienste van produkte onderskei	(2 × 2)	(4)
2.4		Verduidelik kortliks DRIE metodes om primêre data in te samel wat Amange kan gebruik om meer inligting vir haar besigheid te kry.	(3 × 2)	(6)
2.5		Noem TWEE voordele van vennootskappe.	(2 × 2)	(4)
2.6		Op 'n later stadium sal Amange by 'n professionele liggaam aansluit. Bespreek DRIE voordele van lidmaatskap aan 'n professionele liggaam.	(3 × 2)	(6)

[25]

VRAAG 3

3.1 Definieer die term *alleenhandelaar* (‘sole trader’). (2)

3.2 Rangskik die volgende stappe in die data-insamelingsproses in die korrekte volgorde deur die stappe langs die vraagnommers (3.2.1–3.2.6) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

Definieer die doel van die navorsing

Data-insameling

Ontleed die data

Bepaal die navorsingsontwerp

Ontwerp en berei die opname voor

Kommunikeer die resultate

(6 × 1) (6)

3.3 Noem VIER soorte media wat Amange kan gebruik om haar besigheid te adverteer. (4)

3.4 Teken Maslow se hiërargie van behoeftes om aan Amange die verskillende vlakke van behoeftes te wys. (5)

3.5 Verduidelik kortliks die volgende terme:

3.5.1 Ewewigspunt (‘Equilibrium point’)

3.5.2 Ewewigsprys (‘Equilibrium price’)

3.5.3 Hoeveelheid (‘Quantity’)

(3 × 2) (6)

3.6 Noem TWEE belanghebbendes in Amange se besigheid. (2)

[25]

VRAAG 4

4.1 Gebruik die beeld hier onder en ontwerp 'n vraelys vir jou nuwe besigheid.



Gee by ten minste:

- DRIE oop-einde en
- TWEE geslote vrae.

Kreatiwiteit en netjiese werk sal in jou guns tel. (12)

4.2 Noem VIER metodes van bestuur en die beheer van 'n begroting. (4)

4.3 Verduidelik kortliks die DRIE hoofsektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Jy kan 'n voorbeeld in jou verduideliking gebruik. (3 × 2) (6)

4.4 Dui aan of elk van die volgende 'n 'Bedryfsbate' of 'n 'Vaste bate' is**.**

4.4.1 Bank

4.4.2 Rekenaartoerusting

4.4.3 Handelsvoorraad

(3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen *primêre data* en *sekondêre data.* Jy kan 'n voorbeeld as deel van jou verduideliking gebruik. (2 × 2) (4)

5.2 Noem DRIE faktore wat die prysbepaling van 'n produk/diens beïnvloed. (3 × 2) (6)

5.3 Bereken Amange se verwagte omset vir die maande Julie, Augustus en September. Haar gemiddeld inkomste per maand is R4 500.

Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.5) in die ANTWOORDBOEK.

Maande	Julie	Aug	Sept	Totaal
Dienste gelewer	10	25	30	5.3.4
Totale inkomste	5.3.1	5.3.2	5.3.3	5.3.5

(10)

5.4 Dui aan of elk van die volgende organisasies 'n 'produk' of 'diens' bied:

5.4.1 

5.4.2 game
www.game.co.za

5.4.3 absa

5.4.4 SABC NEWS

5.4.5 Eskom

(5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou